Hoof Uitvoerende Direkteur/ Chief Executive Director

WOORD VAN De Wet

Dis nie net lente in die Boland nie, maar beslis ook in die Vrystaat! Met die lente in die lug, voel dit altyd dié tyd van die jaar dat ek vir soveel dinge wil dankie sê. Ek is glad nie 'n wintermens nie, ek ontwaak so saam met die lente. Saam met hierdie wonderlike gevoel van lewe wat in my opstoot, ervaar ek dankbaarheid. Diep dankbaarheid dat Jesus die natuur in Sy hande hou en dat die seisoene van die aarde deur Hom instand gehou word. Mag hierdie boodskap jou herinner dat jou lewe, soos die natuur, deur seisoene beweeg en in elke seisoen is Jesus se genade genoeg.

For me, spring is a season of promise, of faith and of HOPE.

For Engo, spring is a reminder of our calling: to bring light where darkness is, to plant HOPE where despair grows, and to live love where it has become scarce. Every project, every hand that helps, every smile that is shared, is like a flower that opens, small, but together they form a colourful garden of grace.

Wanneer die koue winter stadig wyk en die eerste sonstrale langer begin speel op ons tuine en strate, weet ons: lente het gekom. Dit is die tyd van nuwe begin, van vars groei, van HOOP wat weer wortel skiet. Lente herinner ons dat selfs na die donkerste seisoen, daar altyd lig en lewe wag. Vir ons gemeenskap beteken lente méér as net blomme wat oopgaan. ns sien dit in die natuur, maar ons sien dit ook in die mense rondom ons. Dit is 'n uitnodiging om weer asem te haal, om weer te glo, om weer te bou. Elke boom wat bot, elke blom wat oopvou, is 'n stille getuienis dat verandering moontlik is.

Dit fluister: "Jy kan weer begin. Jy kán weer groei." Die lente is ook 'n tyd van vernuwing en herlewing. Ná die koue en donker dae van die winter, bring die lente 'n varsheid wat ons herinner aan die wonder van Jesus se skepping. Die blomme begin blom, die bome kry nuwe blare. Dit is 'n tyd van HOOP en 'n nuwe begin.

Spring is a time of restoration. Where winter has been bare and quiet, spring brings colour and sound. Similarly, our lives, which sometimes feel dry and heavy, can be filled with new energy again. It asks us to be open to change, to leave behind the old things that no longer serve a purpose, and to embrace the new season with courage. May this spring remind you that you are part of a larger story. Your life, your work, your love, all of this adds to the garden of our community. May you feel the fresh wind that gives you courage, the warm sun that brings you energy, and the flowers that remind you of joy.

Mag hierdie lente 'n tyd van vernuwing en seëninge wees vir jou en jou geliefdes. Mag jou hart hierdie seisoen 'n plek wees waar gebed, vrede en dankbaarheid groei.

May you experience joy and HOPE and may you grow in your faith and resilience. Let us leave the cold of the past behind us and prepare for the new season ahead. And let us always remember that, through Jesus, we have the HOPE of a new life, ETERNAL HOPE!

ENGO GROET VIR SURETTE LABUSCHAGNE

LENTE, NUWE SEISOENE

'n Nuwe Hoofstuk

Soos die lente nuwe lewe en nuwe moontlikhede bring, breek daar ook 'n nuwe seisoen vir Surette Labuschagne aan. Ná 27 jaar by Charlotte Theron Kinderhuis (CTK) in Bethlehem het sy aan die einde van Augustus 2026 hierdie besondere hoofstuk afgesluit. Van maatskaplike werker tot Prinsipaal Maatskaplike Werker sedert 2018, het sy 'n blywende verskil in die lewens van talle kinders, gesinne en kollegas gemaak.

Ons gesels met haar oor haar reis, herinneringe en die nuwe seisoen wat voorlê.

Surrette, 27 jaar is 'n merkwaardige tydperk. Wanneer jy terugkyk, wat staan vir jou uit as een van die mooiste of mees betekenisvolle herinneringe van jou jare by Charlotte Theron Kinderhuis?

Dit is baie moeilik om net een herinnering of oomblik uit te sonder, want daar was soveel hoogtepunte oor die afgelope 27 jaar. Van CTK se 100-jaarvieringe tot al die talentaande en ander spesiale geleenthede. As ek moet kies, was die mooiste herinneringe seker die oomblikke wanneer 'n mens kon sien hoe gelukkig die kinders werklik is. Hulle geluk en opgewondenheid is iets wat ek altyd sal koester.

Sedert 2018 dien jy as Prinsipaal Maatskaplike Werker. Wat het hierdie rol vir jou beteken, en watter uitdagings en hoogtepunte het daarmee gepaardgegaan?

Dit was vir my 'n groot voorreg en eer om die afgelope agt jaar in hierdie rol voor te loop. Die verantwoordelikheid wat met so 'n pos gepaardgaan, is nie altyd maklik nie, veral wanneer 'n mens met kinders se lewens werk. Tog was die hoogtepunte vir my beslis meer as die uitdagings. Om te sien hoe kinders groei, ontwikkel en hul plek in die wêreld vind, maak alles die moeite werd.

Wat dink jy maak 'n werklike verskil in die lewe van 'n kind wat deur moeilike omstandighede gaan?

Ek dink dit is wanneer 'n kind 'n gevoel van behoort ervaar – wanneer hulle weet daar is iemand wat vir hulle omgee, na hulle luister en daar is wanneer hulle dit nodig het.

Die tema van hierdie maand is 'Lente, nuwe seisoene'. Hoe voel jy oor hierdie nuwe seisoen wat nou vir jou aanbreek, en waarna sien jy die meeste uit?

Ek moet sê, ek betree hierdie nuwe seisoen met gemengde gevoelens. CTK het oor die jare so 'n groot deel van my geword, en ek gaan veral die kinders baie mis. Terselfdertyd sien ek uit na 'n rustiger lewe en om meer tyd vir myself, God en my gesin te hê.

As jy 'n boodskap kon gee aan die Surrette wat 27 jaar gelede wat as jong maatskaplike werker by Charlotte Theron Kinderhuis begin werk het, wat sou jy vir haar sê?

Hou aan om die beste in elke kind te sien en te ontdek. En moenie te hard op jouself wees nie.

Watter nalatenskap hoop jy laat jy agter by Charlotte Theron Kinderhuis en by die mense met wie jy oor die afgelope 27 jaar gewerk het?

Sonder God is ons niks nie, maar met God aan ons sy kan ons 'n bende stormloop.

Baie dankie, Surrette, vir 27 jaar van diens, omgee en toewyding. Ons neem afskeid met groot waardering vir alles wat jy beteken het, en met opgewondenheid oor die mooi nuwe seisoen wat voorlê.

DUISENDE LEWENS VERANDER

DEUR ENGO SE DIENSTE

Engo het op 20 Augustus 2026 hulle Algemene Jaarvergadering in Bloemfontein gehou, waar die afgelope jaar se resultate bekendgemaak is. Meer as 200 000 mense in nood het die afgelope jaar voordeel getrek uit Engo Vrystaat se dienste. Die organisasie lewer maatskaplike dienste regoor die Vrystaat en ondersteun kinders, gesinne, bejaardes, persone met gestremdhede, pasiënte en kwesbare gemeenskappe.

Kinder- en Jeugsorg bly een van Engo se belangrikste fokusareas. Die organisasie het 897 kinders en jongmense in 32 Kinder- en Jeugsorgsentrums (kinderhuise) versorg. Engo se aannemingsdienste het ook 30 aannemings gefinaliseer.

By Engo se 20 Bejaardesorgsentrums is 2 947 bejaardes ondersteun, met meer as 159 000 etes wat gedurende die jaar voorsien is.

Die Gesinsorgprogram het vanuit tien kantore byna 90 000 mense bereik deur onder meer gemeenskapsprojekte, pleegsorg en maatskaplike ondersteuning. Die Hospitaalsorgprogram het ook 1 773 pasiënte in Bloemfontein se groot hospitale besoek en ondersteuning aan hul families gebied.

Engo se dienste aan persone met gestremdhede fokus op vaardigheidsontwikkeling, ondersteuning en die bevordering van onafhanklikheid.

Al Engo se dienste en werk word moontlik gemaak deur 'n span van 1 077 personeellede, asook die ondersteuning van vrywilligers, donateurs en vennote.

Engo waardeer elke persoon en organisasie wat help om hierdie dienste moontlik te maak en 'n verskil in die lewens van mense in die Vrystaat te maak. Vir die volledige Jaarverslag van 2025 / 2026, besoek ons webblad by www.engo.co.za .

ENGO ERKEN UITNEMENDHEID

IN VERPLEEGSORG

Bestuurders van Engo se Sentrums vir Bejaardes regoor die Vrystaat het op 4 Augustus 2026 erkenning gegee aan sentrums met goeie verpleegsorgpraktyke binne die Engo-groep.

Volgens die 2025-verpleegsorgevaluering is die volgende sentrums as die top drie aangewys:

- 1ste plek: Najaarsrus Sentrum vir Bejaardes in Parys
- 2de plek: Senekal Sentrum vir Bejaardes
- 3de plek: Onze Rust Sentrum vir Bejaardes in Steynsrus

Baie geluk aan die drie sentrums en hul personeel met hierdie prestasie. Julle toewyding aan die versorging van ouer persone maak elke dag 'n verskil.

Engo erken ook die bydrae van elke sentrum en personeellid wat daagliks help om 'n hoë standaard van sorg te handhaaf.

HELPING CHILDREN SPEAK UP

WHEN THEY FEEL UNSAFE

On 5 August 2026, Engo Family Care Bloemfontein presented an educational puppet show to Grade 1–3 learners at Roseview Primary School, Bloemfontein.

The show focused on child safety and encouraged learners to speak to a trusted adult when they feel unsafe, uncomfortable, worried, or when something does not feel right.

Through puppets and storytelling, the learners were taught that it is okay to speak up, ask for help and report unsafe situations. The message was simple: being brave does not mean being unafraid – it means speaking up even when something feels scary.

The activity also helped learners identify trusted adults and understand the importance of reporting concerns.

ENGO GESINSORG VILJOENSKROON

SE POTJIEKOSDAG 'N GROOT SUKSES

Op 9 Augustus 2026 het Engo Gesinsorg Viljoenskroon se Potjiekosdag plaasgevind om fondse in te samel vir die voortgesette dienslewering aan die gemeenskappe van Viljoenskroon en Rammulotsi.

Danksy die ondersteuning van die gemeenskap, twee gevestigde plaaslike besighede, donateurs en vrywilligers was die dag 'n groot sukses. Skaap-, hoender-, beesstert- en wildpotjies is voorberei en verkoop, met baie mense wat gehelp het met die voorbereiding en bediening.

Engo Gesinsorg Viljoenskroon bedank ook die Viljoenskroon Gholfklub en hul personeel vir die beskikbaarstelling van die Gholfklub en lokaal en vir hul ondersteuning.

Die grootste dank gaan egter aan die Viljoenskroon- en Rammulotsi-gemeenskappe. Elke persoon wat 'n produk, fondse of diens geskenk het, 'n potjie gekoop het of die dag ondersteun het, het bygedra tot die sukses.

'N SPESIALE BEDERF VIR ENGO

SE KINDER- EN JEUGSORG DOGTERS IN BLOEMFONTEIN

Op 13 Augustus 2026 het 16 dogters van Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrums in Bloemfontein 'n spesiale grimeerkursus bygewoon, aangebied deur Sharlien Ludick, eienaar van Poshlab in Bloemfontein.

Sharlien het vir elke dogter 'n persoonlike bederfpakkie saamgestel met velsorg- en grimeerprodukte. Sy het die meisies ook wenke en tegnieke geleer om hulself te grimeer en hulself met meer selfvertroue te versorg.

Die velsorg- en grimeerprodukte is vroeër vanjaar deur Annelie Peyper van die Foschini-groep geskenk, terwyl Feedem Bloemfontein die eet- en drinkgoed geborg het.

Baie dankie aan almal wat hierdie middag moontlik gemaak het en die dogters spesiaal en mooi laat voel het!

ENGO ONS TUISTE IN BLOEMFONTEIN

OPENS NEW MAGNOLIA AVENUE FRAIL CARE UNIT

Engo Ons Tuiste in Bloemfontein opened its new Magnolia Avenue Frail Care Unit on 14 August 2026. The separate unit offers personalised, homely frail care for a maximum of six elderly residents, with one sister and one carer dedicated to their care.

The unit has five en-suite rooms – four single rooms and one room suitable for a couple. The rooms and bathrooms are wheelchair-friendly, with a spacious communal lounge.

According to Mrs Anso Steyn, Manager of Engo's Bloemfontein Aged Care Centre and Ons Tuiste, the unit was established in response to the need for more personalised care for elderly people.

For more information or to arrange a viewing, contact Ons Tuiste on 051 407 7203 or email hester@engo.co.za .

CTM RUNNING FESTIVAL

FESTIVAL HOSTED BY THE RUNNING EDGE CLUB IN BLOEMFONTEIN IN SUPPORT OF ENGO FREE STATE

The Running Edge Running club in Bloemfontein hosted a wonderful running festival on 15 August 2026, celebrating the first race of the new season.

A total of 620 runners gathered at Montebello Estate in Bloemfontein, for races over a 5km, 10km and 21km distance.

It was a day filled with fun, excitement, coffee, exhibitors, prizes and collaboration.

Thank you to Running Edge for the initiative and choosing Engo Free State as beneficiary.

ENGO WOMEN'S MORNING

CELEBRATES LIFE AND HOPE

Engo Free State's Women's Morning was held on Friday, 21 August 2026, at Leopards and Lace in Bloemfontein. Almost 400 women attended the event, which was hosted under the theme "Celebrate Life!"

The morning brought women together for a time of connection, encouragement and fundraising in support of Engo's work across the Free State.

Guests enjoyed breakfast, coffee and a variety of exhibitors offering products such as clothing, jewellery and other items.

Alda Fourie, Director of Marketing and Fundraising at Engo, shared the organisation's message for the day: "We want to continue giving hope to people."

Leandie du Randt shared a message of hope and encouragement, while Free State musician Jacobus Silwer provided live entertainment. Several women also shared personal testimonies, adding a meaningful element to the morning.

The event ended with everyone singing "Goodness of God" together, creating a moment of gratitude and reflection.

Engo thanks every woman, business, supplier and exhibitor who contributed to the event, as well as Leandie and Jacobus for being part of the morning. The support received will help Engo continue providing care and support to people and families across the Free State.

ENGO BEMAN WATERPUNT

BY MEDICLINIC-PADWEDLOOP IN WELKOM

Die Mediclinic-padwedloop is op 22 Augustus 2026 in Welkom gehou. Die wedloop word elke jaar deur Mediclinic en die Eskom Atletiekklub aangebied, met Hilde du Plessis as hooforganiseerder.

Daar was verskeie afstande waaraan atlete kon deelneem, en mense van alle ouderdomme het die geleentheid ondersteun. Engo Kinder- en Jeugsorg se kantoor in Welkom het 'n waterpunt beman om die atlete langs die roete te ondersteun.

Die personeel het ook lemoene in kwarte uitgedeel vir ekstra lafenis op die warm dag. Dit was 'n groot treffer onder die atlete.

Omgie het ook by die wegspring verskyn, waar kinders opgewonde was om hom te ontmoet en saam met hom foto's te neem.

Engo waardeer die geleentheid wat die organiseerders gebied het om die organisasie se werk en dienste onder die gemeenskap se aandag te bring.

TWO LOCAL BUSINESSES

HELP KEEP ENGO FAMILY CARE ON THE ROAD

Engo Family Care Hennenman/Virginia would like to thank Goudveld Bande in Hennenman and First Battery Centre Welkom for their support of the Engo Family Care office vehicle.

On Friday, 22 August 2026, Goudveld Bande generously donated and fitted four new tyres to one of our vehicles. Just a few days later, First Battery Centre Welkom donated and installed a new battery in another vehicle

These practical contributions help keep the vehicles safe and reliable, allowing the team to continue its daily work and deliver essential community and social services to those in need.

The vehicle plays an important role in helping Engo Family Care reach and support individuals and families in need.

BERGPRAG VIER WAFELDAG

SAAM MET INWONERS EN PERSONEEL

Op 24 Augustus 2026 het Bergprag Sentrum vir Bejaardes in Bethlehem Nasionale Wafeldag saam met die inwoners en personeel gevier.

Die sentrum se kombuis het vars wafels voorberei, wat saam met roomys bedien is. Die roomys was deel van 'n vorige groot skenking van Country Bird Logistics in Bloemfontein wat die sentrum ontvang het.

Die dag was 'n geleentheid om die inwoners te bederf, maar ook vir personeel om tyd saam met die inwoners en met mekaar deur te bring. Dit het bygedra tot 'n sterker span en 'n lekker atmosfeer by die sentrum.

KLEIN HARTJIES BRING

LENTEVREUGDE NA BERGPRAG SENTRUM VIR BEJAARDES

Bergprag Sentrum vir Bejaardes in Bethlehem het op 1 September 2026 Lentedag gevier met 'n spesiale besoek van Oogappeltjies Kleuterskool. Die kleuters het blomme gebring om die tafels te versier en die inwoners met sang en drukkies bederf. Die inwoners het elke oomblik geniet.

Baie dankie aan Oogappeltjies vir die liefde en vreugde wat julle aan ons inwoners gebring het. Dit is kosbaar om te sien hoe klein hartjies soveel vreugde kan bring!

VIER DIE LENTE

EN MAAK 'N VERSKIL AAN 'N KIND SE TOEKOMS

Die Lente Genadefees keer op 11 September 2026 vir die derde keer terug – dié keer saam met die 112de verjaardag van Engo se Ons Kinder- en Jeugsorgsentrum (Ons Kinderhuis) in Bloemfontein.

Die fees het in 2024 ontstaan uit 'n droom van die musikant Riaan Naudé om deur musiek hoop te bring. Vanjaar tree Du Preez en Jana Stoltz, Jaco Bezuidenhout, Jannie Moolman, Ella Kotze, Ilse Fourie, Levert Solomons, Riaan Naudé en die Unimus-orkes onder leiding van Anton Esterhuyse op.

Ons Kinderhuis is een van Engo se Kinder- en Jeugsorgsentrums en bied tans versorging en ondersteuning aan 137 kinders. Die Lente Genadefees gee die gemeenskap die geleentheid om hierdie kinders te ondersteun.

Kaartjies is beskikbaar by Ons Kinderhuis, Engo se Povinsiale kantoor en die Geloofsentrum, of aanlyn via Engo se webwerf, www.engo.co.za

Vir kaartjiebesprekings:

Engo: 051 407 7205 | Geloofsentrum: 081 828 9536 | Ons Kinderhuis: 051 444 2938

E-pos: ontvangs@vironskinders.org.za

Kom geniet 'n aand van musiek en hoop – en help om 'n verskil in die lewe van 'n kind te maak.

OMGIE SIVVIEDAG 2026

JOU AVONTUUR, JOU KANS OM 'N VERSKIL TE MAAK

Engo bied op 30 Oktober 2026 vir die sesde jaar, Omgie Sivviedag aan, met OFM en Bloemfontein Courant as mediaborge.

Vanjaar se tema, "Jou Avontuur", is 'n uitnodiging aan kinders, skole, besighede en die publiek om braaf te wees en 'n verskil in hul gemeenskap te maak.

Jy kan deelneem deur 'n plakker vir R20 per volwassene of R10 per kind by deelnemende Engo-sentrums en kantore te koop. Besighede kan ook 'n onvoorwaardelike donasie van minstens R1 500 maak en kwalifiseer vir 'n Artikel 18A-sertifikaat.

Op 30 Oktober 2026 kan deelnemers volgens hul gunsteling avontuur aantrek, foto's deel en Engo op sosiale media tag.

Besoek www.engo.co.za en kliek op die hofie "OMGIE" om e-plakkers te koop, donasies te maak en Omgie-video's en -items te ontdek.

Skole kan Omgie ook nooi om die skool gedurende die kwartaal te besoek en Omgiedag te vier.

DIE AVONTURE VAN OMGIE

DIE VRUG VAN

GETROUHEID

Omgie is weer op reis.

Met sy bondeltjie vol Vrugte van die Gees stap hy elke maand 'n nuwe avontuur binne. Soms raak die pad moeilik. Soms is dit vol vreugde.

Maar elke keer moet Omgie kies:

Watter vrug gaan hom help om vandag die regte ding te doen?

Kom stap saam met Omgie — en ontdek watter vrug hierdie maand se storie dra.

Omgie stap deur 'n veld wat stadig besig is om "wakker" te word. Party blomme blom reeds helder, terwyl ander nog net stywe knoppe is wat wag vir hul tyd.

By 'n klein tuin sien Omgie 'n seun wat moedeloos voor 'n ry potte sit.

"Ek wag dat hulle moet groei," sê die seun. "Maar niks gebeur nie. Ek dink ek moet ophou water gee."

Omgie kyk na die droë grond. Vir 'n oomblik wonder hy self of al die moeite die moeite werd is. Toe voel hy sy bondeltjie. Hy maak dit oop, en binne lê die Vrug van Getrouheid.

Dit fluister: "Hou aan. Selfs wanneer jy nog nie die blom sien nie. Getrouheid werk onder die grond."

Omgie vat die gieter en begin die potte natmaak. Die seun help hom, al twyfel hy steeds. Dag na dag kom hulle terug. Hulle gee water, trek onkruid uit en wag geduldig.

Party dae lyk alles presies dieselfde en die seun wil weer moed opgee, maar Omgie herinner hom aan die vrug se woorde: "Hou aan."

Toe, een oggend, sien hulle iets klein wat deur die grond breek – 'n helder groen spruit. Die seun se gesig straal van opgewondenheid. Kort daarna verskyn nog spruite en die tuin begin stadig met kleur en lewe vul.

"Dit het gewerk!" roep die seun bly.

Omgie glimlag. "Ons het net getrou gebly."

Hy kyk na die Vrug van Getrouheid, wat warm in sy hand lê, en besef dat getrouheid nie beteken om net aan te hou wanneer dinge maklik is nie. Dit beteken om aan te hou sorg en die regte ding te doen, selfs wanneer jy nog nie die resultate kan sien nie.

Soos lente wat altyd terugkom, groei hoop stilweg. Met nuwe moed in sy hart stap Omgie verder.

Engo
NOU BESKIKBAAR
OLIVIA / ENGO 2027 DAGBOEKE
A4 (2 ONTWERPE) HARDEBAND DAGBOEK, VOLKLEUR KUNS BINNE/BUITE
R475
A5 (2 ONTWERPE) HARDEBAND DAGBOEK, VOLKLEUR KUNS BINNE/BUITE
R350
Tweetalig (Afrikaans en Engels) | Half-uur afsprake
Jaarbeplanner 2027 & 2028 | Pragtige kunswerke deur Art de Olivia
Inspirasie boodskappe per maand
KOOP NOU!
Verseker jou dagboek vir 2027!
info@engo.co.za | www.engo.com
EngoFreeState

Engo
LENTE
Genadefees
18:30 vir 19:00
11 September 2026
Plek: Geloofsentrum, Bloemfontein
Prys: R100 per persoon
Kunstenaars
ROSESTAD
Kaartjies te koop by Ons Kinderhuis

Engo
EIKELAAN
JEUGSORGSENTRUM
GHOLFDAG
10 OKTOBER 2026
Bothaville Gholfbaan
Bespreek jou 2-bal American Scramble vir R350 per persoon.
Halfweg middagete ingesluit.
Dryf hoop in ons kinders se lewens.
Kontak: PW Nel: 078 800 8902 | Petro Hanekom: 071 620 6253

Engo
Cruise for a Cause
WIN AN ALL-INCLUSIVE MSC CRUISE TO THE PORTUGUESE ISLANDS
11 – 14 December 2026
Minimum of R50 donation
Closing date: 30 September 2026
Draw of winner by 23 October 2026
Tickets available online at www.engo.co.za or at any participating Engo programme.
MSC
EVOLVE

Nuus News Express
Bloem ROLBALDAG
TEN BATE VAN Engo
VRYDAG
9 OKTOBER 2026
BLOEMFONTEIN BOWLING CLUB
Est.1911
Registrasie vanaf 12:30
Spel begin 13:30
R1400
per span
Ligte ete ingesluit
KONTAK VIR GERRIE BY 064 525 9955 OF ANCHE BY 083 560 9184 OM JOU SPAN IN TE SKRYF.

Engo
WELRIEDAL YOUTH CARE CENTRE
GOLF DAY
Together we drive change
FOR CHILDREN, FOR HOPE, FOR TOMORROW.
WATERHOLES R1500
R250 PER PERSON
DATE
19 SEPTEMBER 2026
VENUE
BRAND MASHIE GOLF CLUB
WELKOM
INCLUDED:
✓ HALFWAY HOUSE
✓ GREAT PRIZES
SHOTGUN START
• MORNING: 07H30 FOR 08H00
• AFTERNOON: 11H30 FOR 12H00
• PRIZE GIVING: 17H30 FOR 18H00
WHAT TO EXPECT
✓ FUN COMPETITIONS
✓ R20 RAFFLE TICKETS FOR MYSTERY HAMPER
✓ LOTS OF LAUGHS & MEMORIES

Hoopstad Ouetehuis
GHOLF Dag
9 Oktober 2026
Hoopstad Buiteklub
Koste per speler R450
Betterball Scramble Drive
Halfway House en Aandete ingesluit.
Croot vleispryse ter waarde van R30 000
Kom geniet 'n dag saam! Bring die familie die aandete kaartjies is R120 per persoon.
Golfkarretjies te huur teen R950.
Engo
Bespreek betyds!
Kontakpersone: Lorraine Kapp 053 444 1319 | Stoffel Prinsloo 064 739 6971

DATUMS OM TE ONTHOU

- 10 – 13 Sept – Engo stalletjie by Ignite & Revive Fees, Kroonstad
- 10 Sept – IOPSA Gholfdag, Bloemfontein
- 10 Sept – St Andrews Gholfdag, Bloemfontein
- 11 Sept – Lente Genadefees, Bloemfontein
- 11 Sept: Rock & Roll Roadhouse Dans – Esperanza Kinder-en Jeugsorgsentrum, Bloemfontein
- 18 Sept – Bloemskou Gholfdag, Bloemfontein
- 18 Sept – Pellissier Gholfdag, Bloemfontein
- 19 Sept – Welriedal Gholfdag, Welkom
- 19 Sept – Skemervreugde Rolbaldag, Paul Roux
- 30 Sept – Kieriekaskenades, Ons Tuiste, Bloemfontein
- 30 Sept – Cruise for a Cause kompetisie sluit

Visit Engo's Events Calendar for more information about upcoming events.
If you missed any of our previous newsletters, please visit www.engo.co.za.
If you have any comments, concerns, or compliments, please send them to info@engo.co.za.

"Where flowers bloom, so does hope." - Lady Bird Johnson